

## Meer as oorwinnaars

- ◆ Piet Olivier herstel tuis na 'n rugoperasie. Dra hom op in gebed vir volkome herstel.
- ◆ Fanie van Niekerk is in Unitas opgeneem en gaan verdere behandeling aan sy rug ontvang. Ons bid dat hierdie prosedure vir hom verligting gaan gee.
- ◆ Frances De Villiers is in Zuid-Afrikaanse hospitaal opgeneem vir toetse. Bid asb. vir haar.
- ◆ Jan Claassen van Rusoord is in Unitas. Hy is baie verswak. Bid asb. vir hom.
- ◆ Zelmarië Naude is Dinsdag geopereer a.g.v. 'n bloedklont in haar been. Dit was suksesvol en sy is ontslaan. Ons loof die Here vir hierdie verbetering in haar toestand.
- ◆ Nans van Staden is uiters verswak en het almal se gebede nodig.
- ◆ Ernst Erasmus het gehoor dat die nierbiopsie wat gedoen is, skoon is. Ons is saam met hom dankbaar daarvoor.
- ◆ Issie Venter is terug in die familiekamer in Rusoord, na behandeling in Unitas. Ons bid steeds vir haar.
- ◆ Elsa van Dyk is weer terug by haar huis na 'n lang ruk wat sy by haar dogter aangesterk het. Ons is dankbaar daarvoor.
- ◆ Willie Scott het 'n geslaagde nekoperasie gehad. Kom ons loof die Here daarvoor.
- ◆ Phoebe Nelson was in en uit die hospitaal. Ons is dankbaar dat daar nie fout is nie.
- ◆ Dirk De Villiers het kolonkanker laat verwyder en moet nou chemoterapie ontvang. Ons loof die Here vir Sy teenwoordigheid in sy lewe.

Want ons behoort aan God

**Baie geluk aan die volgende persone waarvan bewys van lidmaatskap ontvang is.**

**Mev. CWC van Eeden**

**Prediker:** Ds. Gideon Du Toit

**Skriflesing:** 2 Korinthiërs 4

**Tema:** "God het in ons harte 'n lig laat skyn"

**Liedere:** 329; 348:1-3; 163; 266; 488:1,2,4,5

**Kinderkerk:** 9:00      **Rusoord:** 10:30

**Jeug:** 18:00



## Leef nader aan ander

deur Stephan Joubert

Nou die dag was dit geskenke oopmaak tyd. Nou is dit weer planne maak tyd. Die nuwe jaar is hier. Wat van 'n besluit dat geen dag wat in 2020 oor ons lewenspad kom, onopgebruik by ons sal verbygaan nie. Dan vat ons die nuwe jaar van die begin af reg vas. God se eer moet vanjaar skitter in al ons interaksies en verhoudings. As navolgers van die Here weet ons lankal dat ons nie vir onself leef nie. Ons is in 2020 nogmaals aan diens om 'n seën vir ander te wees, nie 'n probleem nie. Die grootste bewys van ons eie liefde vir God is juis wanneer ons ander mense dien. Dit mag nie net lippetaal wees nie. Naasteliefde wat nie vertaal word in in nuwe dade, woorde en verhoudings nie, is 'n klug. 2020 is ons jaar om vars inhoud te gee aan hierdie Bybelse roete van liefde. Vanjaar moet ons ander saam beskerm. In 2020 moet ons vriende se laste op ons skouers 'n rusplek kry. In die nuwe jaar moet ons brood aandra vir hongeriges en brood breek saam met mekaar. Ons agenda is om ander mense elke dag wat 2020 met ons deel liefdevol raak te leef in die Here se Naam.

Die Dankbarendiger  
19 Januarie 2020

## ONS WAARDES LÊ OPGESLUIT IN EFESIËRS 4: 1 - 3

Laat julle roeping julle leefstyl bepaal. Met totale beskeidenheid en sagmoedigheid, met geduld moet julle mekaar in liefde verdra. Deur in vrede met mekaar te lewe, moet julle die eenheid wat die Gees bewerk het, bewaar.

# Kennisgewingbord

DEURKOLLEKTE: UITREIKE

BRUINGELD

Tans is daar R 6743.05 ingesamel vanaf Mei 2017

### 26 Januarie 2020 Eerste Gemeente ete van die nuwe jaar.

Ons val weg met iets eenvoudig, naamlik worsbroodjies. Dit gee ons Omgee-Vroue kans om later in die jaar gereed te wees vir groter uitdagings. Kom kuier gerus saam direk na kerk en geniet mekaar se geselskap in die eerste maand van die nuwe jaar. Dan eet ons vroeg, sommer so 11 uur. Onthou om u eie breekgoed saam te bring. **Koste van die ete: R20.00.** Ons hoop die reuk van die wors gaan u baie lus daarvoor maak, want Fred het onderneem om die wors vir ons te braai. Bespreek asb vroegtydig by Susann in die kerkkantoor. Sluitingsdatum vir besprekings is Woensdag 22 Januarie.

### BELANGRIKE INLIGTING

- ♦ **Landlyn:** 012 664 6695
- ♦ **Selnommer:** 071 657 4547 (Bel & SMS)
- ♦ **Selnommer:** 079 049 32581 (Bel, SMS & Whatsapp)
- ♦ **E-Posadres:** [kerkkantoor@omgeekerk.co.za](mailto:kerkkantoor@omgeekerk.co.za)
- ♦ **Ds. Gideon en Petro du Toit het nie meer 'n landlyn nie en hulle kan op hul selfone bereik word.**
  - **Moedersdag is op 10 Mei 2020**  
en
  - **Vadersdag is op 21 Junie 2020**

### BYBELSTUDIEGROEPE :

Dinsdag	09:00 10:00	Noorde La Vie	Woensdag	09:00 10:00	Parkrand Lofdal
Donderdag	09:00 10:00	Diensentrum La Borie en	11:00	Protea	

### Baie geluk aan almal wat verjaar van 19 – 25 Januarie

Van	Noemnaam	Verjaar	Landlyn	Selfoon
Heese	Dirkie	01/19		0832334123
Shires	Arthur	01/19		0832254564
Janse Van Rensburg	Annatjie	01/20	012 664 4041	0722075013
Olckers	Susan	01/20	012 664 3061	
Wheeler	Carina	01/20	012 644 2131	0722875778
Wheeler	Francois	01/20	012 644 2131	0722875499
Marais	Charné	01/22	012 664 6960	
Boshoff	Sus	01/24	012 644 1700	0729546024
Burger	Hetta	01/24	012 664 8203	
Erasmus	Simeon	01/24	012 664 4490	0837808248
Bothma	Werner	01/25	012 664 4324	
Bouwer	Juan	01/25		0834521625
Dreyer	Chris	01/25	012 664 6554	0825570627
Engelbrecht	Faan	01/25	012 664 2674	0833746997

### BID VIR :

Geletterdheid van vroue

Om te kan lees en skryf is 'n vaardigheid wat ek en jy as vanselfsprekend aanvaar. Maar vir duisende vroue in die vervolgte Kerk, is geletterdheid nie 'n vanselfsprekende vaardigheid waaroor hulle beskik nie, omdat hulle dikwels nie toegelaat word om skool te gaan nie, omdat hulle Christene is. Tog is **dit** die sleutel wat hulle so desperaat nodig het om God se Woord te kan oopsluit en hul daaglikse lewens te verander. As hulle kan lees en dan oor 'n Bybel beskik, maak dit 'n reuse verskil en word hulle instrumente om die koninkryk te help uitbrei. Bid asb vir die vroue en dogters van ons geestelike familie wat vervolgt word, en vir almal wat Bybels beskikbaar stel..